# Gebedsbulletin
# No. 51 van 2025

## 21 Desember 2025

Vaalpark NG Kerk – Geloofsfamilie

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Kersfees vir Jesus

"Mag ons Kersfees vier?" vra iemand in 'n geselskap. Dadelik reageer iemand anders driftig: "Nee, ek is gekant teen kersbome en kersfeesgeskenke." "Hoekom?" vra ek verbaas. "Kersfees is 'n heidense fees. Dit kom uit die Romeinse tyd as fees vir een of ander god," se sê sy.

"Nee, Christene het daardie einste fees ver-Christelik,' waag ek dit. Toe verduidelik ek dat gelowiges die fees, wat ter ere van die songod, wat regoor die Romeinse Ryk gevier is, omskep het tot 'n fees ter ere van die koms van Christus. Dit was die gebruik daar in die Noordelike Halfrond om die oorwinning van die son oor die lang duisternis, wat met die wintermaande gepaard gaan, rondom 25 Desember te vier. Maar toe kies Christene om die koms van Jesus as die ware Lig vir die wêreld in daardie tyd te vier.

"Dis nogtans van heidense oorsprong," antwoord sy. Toe antwoord ek dat dit nie beteken dat daardie betekenis steeds tussen gelowiges geldig is nie. Christene het van vroeg af 'n nuwe betekenis en inhoud aan 25 Desember gegee. Gelowiges het daardie feesdag met nuwe inhoud gevul. Dit is omskep tot 'n fees ter herdenking van Jesus se aankoms hier op aarde. Teenoor die viering van die oorwinning van die son het die kerk gekies om die aankoms van die ware Lig hier op aarde te vier. Ons doen dieselfde.

Ons is nie lewenslange gevangenes van enigiets net omdat dit oorspronklik 'n ander betekenis sou gehad het nie. Hoe kan Kersfees dan "heidens" wees wanneer ons as navolgers van die Here Jesus doelbewus kies om dit te vul met vars, Bybelse inhoude?

Ons vier Kersfees ook hier in 2025 tot Jesus se eer. Ons geskenke vertel Sy verhale, so ook ons manier van feesvier. Dit is juis ons getuienis dat ons nie uitgelewer is aan ander tradisies en gebruike nie. Ons kies om dit met Jesus se aankoms te vul. Ons kies om elke dag, insluitend Kersdag, reg te leef en om reg fees te vier tot Jesus se eer.

***deur*** **Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Spokie Vorster
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Tannie Nelie van Tonder
Oom Piet Pretorius
Janine Vorster
Adrie Carstens
Frelma Prinsloo
Hettie Singleton




*__Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .__*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vir die week




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in